# *Wreedste Man Wat Ek Ken*

Eenkeer sou Billy Paul, my seun, preek by 'n . . . 'n gemeente toespreek in Minneapolis, Minnesota, en die . . . hy is nie 'n prediker nie, hy's soos sy pappa, maar hy het gesê: "Die eerste ding, ek's bang." So dis iets van daardie aard, veronderstel ek, hoe ek voel vanmôre, om hier te staan voor hierdie manne van die Here, Sy diensknegte, en hier op te kom na sulke manne soos Broer Oral Roberts, Velmer Gardner, en ander groot diensknegte van die Here wat hier gepreek het.

2 En toe het ek net die tyd opgelet en die aankondigings gehoor, dit neem my omtrent ses uur om te preek, so ek—ek kon nie tyd hê vanmôre daarvoor nie. Ek begin gewoonlik om sewe-dertig in die aand en verdaag omtrent een of twee in die môre, so ek het net omtrent nie tyd nie. Miskien sal ek dit môremiddag probeer.

3 So dis 'n voorreg om hier te wees vanmôre. Ek ag dit 'n groot eer wat die broers my gegee het deur die Here, dat ek in staat sou wees om hiernatoe te kom en hierdie wonderlike ontbyt vanmôre toe te spreek. Kyk uit, en sien dat julle, sonder twyfel, 'n ware ontbyt gehad het, vertrou ek, dit beide geestelik en materieel.

4 En nou het ons so 'n wonderlike tyd gehad in die laaste nege dae hier deur die Maricopa Vallei van Phoenix, en Tempe, en Mesa, en Sunnyslope, by hierdie groep predikers en hulle kerke. Ons ag dit so 'n voorreg om te gaan, hierdie groot konvensie vooraf te gaan, hulle toe te spreek en hulle te vertel dat ons verwag dat die uitermatige oorvloedige bo alles wat ons kan doen of dink, sal gebeur in hierdie diens.

5 Broer Williams het my pas vertel dat een van sy familie gisteraand gered is, wat sou wees in 'n . . . erg in sonde was, en ons is . . . As daardie man vanmôre hier is, dank ek die Here vir jou, my broer, en saam met hulle almal wat gered is. En bid dat, as daar enige hier is wat nie gered is nie, dat hulle reg in lyn sal val vanmôre en—en gered sal word.

6 Gepraat van visioene, ek het . . . dit was min of meer die . . . my bediening wat die Here my gegee het, omdat ek nie voldoende toegerus was met 'n geleerdheid ensovoorts nie, ek sou miskien nie myself as 'n predikant kon klassifiseer nie, maar op hierdie manier kan ek in staat wees om met die mense te praat en nie . . . sê net wat ek weet, en dan bevestig Hy die res daarvan, so dan, as *soveel* daarvan net in orde is, en Hy sê dis reg, dan is die res daarvan ook reg. Wat . . . Hulle weet hoe om te sê, wat ek, miskien nie weet nie.

7 Ek het die Here lief omdat Hy so genadig is terwyl ons so onverdienstelik is, en tog is Hy so genadig. Dit was een van die wonders van my lewe en my ondervinding was om te sien

wanneer ons so onwaardig was, en Hy ons tog in elk geval besoek het. En dit gaan net reg bo-oor ons onwaardigheid en gee ons in elk geval Sy seëninge.

8 Soos almal dit weet, baie van julle weet miskien dat. . .En pas gehoor van 'n ander broer wat deur 'n diep tyd van hartseer gaan, soos ek het deur my moeder te verloor, ek dink nie ek het haar verloor nie, ek dink sy het net vooruit gegaan, dink ek, en ek het gehoor dat Broer Rolf McPherson se dogter gesterf het. Is dit reg, broers? Het enigiemand. . .? Goeiste, dit het my hart bedroef toe een of ander suster vir my gesê het! En ek het dit nie eens geweet nie.

9 Gewoonlik, wys God in Sy genade vir my my mense voor hulle gaan. My vader, hy het gesterf in my arm, en ek het sy siel aan God toevertrou. My broers. . .Ek en Broer Shakarian, en baie van die manne hier, was in, verlede jaar oorsee, glo ek was dit, en daar by Jamaika, Kingston, toe die Heilige Gees een oggend by die ontbyt ingekom het, en ek het gesê: "Nou, Sy Teenwoordigheid is hier, om te weet: Sien daardie dame wat *soontoe* gaan met *daardie* op haar arm? Roep, net 'n oomblik hiernatoe." Het haar vertel van haar toestand.

"Ek sien die jong man nou hiernatoe kom, hy het 'n sekere ding," en wat hom pla.

10 En net toe, het ek afgekyk en het ek 'n persoon sien sterf, en 'n jong man wat staan, 'n stuiptrekking gekry het, of bloed spoeg, en ek het gesê: "Bel dadelik vir Billy Paul." Die jong man het bloed gespoeg. "Moet hom nie laat opgaan teen Blue Mountain vandag nie, ek weet nie wat dit is nie." En toe later, het ons uitgevind dit was my skoonma wat op dieselfde tyd gesterf het, en my swaer wat daar gestaan het, wat bloed opbring.

11 Paar weke vroeg in Augustus het ek ingekom, en Broer Arganbright het my geskakel om saam met hom na Alaska te gaan op 'n jagtog en om 'n tak te stig. Wel, ek. . .die Here het my 'n visioen gewys van, nou, hierdie is verskriklik om dit te moet noem, ek hoop nie dit klink ontheiligend nie, maar, van 'n jagtog wat ek sou onderneem, en sou kry, wat ek sou kry, wie by my sou wees, en wel, hulle aangetrek sou wees, en net presies, daar sou 'n nege-voet silwer-haar grysbeer wees, dit sou 'n twee-en-veertig-duim-hoë horings van 'n kariboe wees.

12 En toe hy my geskakel het, het ek gesê: "Dit klink so, maar laat ek eers tot Vader bid." En ek het dit aangekondig aan die kerk en baie plekke, honderde mense het daarvan geweet. So op pad in Alaska in, het dit baie goed geklink, maar die Heilige Gees het my bly waarsku. En jy moet nooit teen die leiding van die Heilige Gees gaan nie.

13 Toe 'n paar dae later het 'n man wat in Brits-Columbië was, wat net 'n jong bekeerling was, 'n broer gehad wat, toe ek daarbo was in die lente, wat sy hele lewe lank epilepsie gehad het. En ons

was toe uit op ’n jag na die diens. Hy het God altyd gevra dat ek ’n visioen vir sy broer kon sien, hy was nog nooit in een van die dienste nie.

14 Maar besig om uit te ry, het ons net die perde aangekeer, Broer Eddie Byskal, wat ek dink hy is hier vanmôre, en ek was aan die agterkant, besig om die perde aan te keer. En ek het toevallig opgekyk oor die berg, ek het sy broer gesien, en hoe hy gelyk het, en wat om te doen vir sy genesing, en my perd baie vinnig aangespoor, opgery en my hand op die agterkant van die gids se saal gesit, ek het gesê: “Jou broer . . . ” het hom beskryf.

Gesê: “Dis reg.”

Ek het gesê: “Gaan haal hom, sê hom om hiernatoe te kom. En dan los jy hom tot hy een van die aanvalle kry.”

Hy sê: “Hy het vier of vyf per dag, en het dit sy hele lewe lank gekry.”

15 “Sodra hy dit kry, pluk sy hemp van sy rug af, en gooi dit in die vuur, en sê: ‘Dit doen ek in die Naam van Jesus Christus.’ Dit sal hom verlaat.”

16 En hy het sy broer gekry. En hy het net uit die huis uitgegaan, hy moes daardie dag begin om—om plekke te oop te kap sodat die jagters kon inkom, wat ons noem: “pad te maak.” En sy vroutjie was so bang vir . . . Sy was ’n klein Pinkstervroutjie. En ver bo op die Racingrivier, omtrent vyf- of seshonderd myl van die beskawing af. En die vroutjie, toe die seun die aanval gekry het, die eerste een, sy maak gewoonlik die venster oop, maar, sy was bang, maar sy het bo-op hom gespring, sy hemp uitgetrek, en dit in die stoof gegooi, en sê: “Dit doen ek in die Naam van Jesus Christus.” Hy het nog nooit weer een gehad nie. Sien?

17 En toe het hy vir my ’n brief geskryf en gesê: “Kom.” Wel, daarbo . . . (Om tyd te dien, tyd te bespaar, liewer . . . ) Daar is baie wat hier sit wat weet, dit is vooraf vertel, net presies, ek het die verklaring in my sak, nege-voet silwer-haar grysbeer, net presies die plek, net presies die tyd, kariboe.

18 En die gids het gesê: “Jy bedoel van net *hier* af (Ons kan sien tot waar daardie man staan met die geruite hemp aan wat jy vir ons gesê het.), van *hier* tot *daar* gaan jy ’n nege-voet silwer-haar grysbeer doodmaak?”

Ek het gesê: “Dis SO SPREEK DIE HERE.”

Hy het gesê: “Hoe sal dit gebeur?”

Ek het gesê: “Dis nie vir my nie. Dis . . . Hy het dit klaar gesê, ek gehoorsaam net wat Hy gesê het.”

19 En so op die pad ondertoe, was ons in die . . . ons was omtrent drie myl reg teen die berg af, nie eens een boom of enigiets nie, net kariboemos, bokant die rand van die woud. Toe ons binne ’n

halfmyl was. . .Hy het toe die kop gedra, ons sou beurte maak, omtrent, omtrent honderd-vyftig pond geweeg. So ons was. . .

Hy het gesê: "Jy sê hierdie gaan presies twee-en-veertig duim wees?"

"Net presies."

20 En toe ons by die saal gekom het, net presies twee-en-veertig duim. En 'n halfmyl, het hy gesê: "Wel, Broer Branham," gesê: "nou is die beer binne 'n halfmyl."

21 Ek het gesê: "Dis reg." Net omgedraai, het ek gesê: "Wat is *daardie* wat net *daar* staan?" Daar was hy, reguit na ons gekyk, nege-voet silwer-haar grysbeer. En *hier* is die gids se verklaring, wat ek in my sak het.

22 By die huis gekom, was moeder siek. Ek. . .Dit was die genade van God, ek het drie ander reise beplan met broers, maar Hy het geweet ek sou nie in staat wees om hulle te onderneem nie. Nou, Moeder het vir my gesê: "Billy, ek gaan Huis toe."

23 Ek het gesê: "Nee, Moeder." Ek het gesê: "As jy Huis toe gaan, het God nog niks vir my gesê nie." En toe het sy aangegaan, erger en erger, en uiteindelik, het die Here haar siel Huis toe geroep. En ek. . .Net om julle te wys wat die ware Pinksterseëning beteken: Toe sy so swak was. . .Ek het moeder na Christus toe gelei, haar self gedoop. En toe sy so swak was dat sy nie meer kon praat nie. . .Sy het net bly praat oor die soetheid van die Here, het gesê sy het my in 'n visioen sien staan, 'n baie ou man, en vashou aan die kruis, afreik na haar.

24 En toe, toe sy gegaan het, 'n paar oomblikke voor sy gegaan het, kon sy nie meer praat nie, ek het gesê: "Moeder, jy kan nie meer praat nie, maar as jou seun, wil ek jou vra: Is Jesus nog net so kosbaar vir jou nou, as wat Hy was toe jy Hom ontvang het in die vorm van die Heilige Gees? As. . .Jy sterf net nou, Moeder, jy kan nie langer as nog vyf minute lewe nie. En as Jesus nog net so kosbaar is vir jou, al kan jy nie praat nie, knip jou oë baie vinnig." En sy sou haar oë knip, en die trane wat teen haar wange afrol. Soos 'n windjie wat deur die gebou gekom het, en haar kosbare siel is Huis toe geneem.

25 Op pad huis toe, het ek die Here gevra waarom—waarom het Hy my nie gewys nie. Was dit omdat my ander mense, ek op ander plekke sou wees? En toe het ek die Bybel opgetel, soos hierdie, en ek het gesê: "Vader. . ." Mev. D'Amico, sy's, o, miskien by hierdie diens, sy woon hulle almal by, sy het my pas 'n rooi-letter Bybel gegee. Ek glo nie daarin om God se Woord te neem en 'n ouijabord Daarvan te maak nie, maar ek was so gebroke, het net haar klere daaronder uitgesoek, en sy was 'n lieflike persoon, ek het die Bybel oopgemaak, ek het gesê: "Iewers *Hierin* kan U my troos," en die eerste: "Sy is nie dood nie, maar slaap."

26 So die volgende oggend, omtrent nege-uur terwyl ek in die kamer sit en huil het, ons was gereed om te gaan, te kyk hoe sy uitgelê is, het 'n visioen voor my afgespeel, ek het groot massas klein kreupel kindertjies gesien wat langs mekaar lê, en ek het 'n lied gesing, *Bring Hulle In*, en aan die kant. . . die—die plek was so ver terug dat dit afgegaan het soos *hierdie*, en moes opstaan aan die agterkant sodat die mense aan die agterkant die voorkant kon sien. En duisende mense het vergader.

27 En ek het 'n bekende vrou sien instap, al was sy outyds aangetrek, met 'n lang romp, en die klein goedjies om die nek, en groot hoed omgeslaan, en baie hare aan die agterkant opgekam. So ek het haar sien opstap deur die gebou, en, deur die plek, hierdie was nie 'n gebou nie, dit was buitekant, en daar was 'n losie aan elke kant, soos waar die beroemdes gesit het. En sy was binne 'n paar oomblikke in hierdie losie, gebuig voor die mense. En ek het op die preekstoel gekom en sou preek, en die dame het gedraai om haar hoof voor my te buig, soos *hierdie*, toe sy haar hoof gebuig het, het ek myne gebuig, ek was binne vyf voet van haar af, en toe sy opgestaan het, was dit Moeder, pragtig, jonk.

28 Net toe, soos *hier* oorkant, 'n donderslag en 'n weerlig en 'n gedruis, en 'n Stem het gesê: "Moet jou nie meer oor haar bekommer nie, sy is soos sy was in 1906." Ek het gegaan en in die ou familie Bybel gekyk om uit te vind wat in 1906 gebeur het, en dit was die jaar wat sy 'n bruid was vir my vader. So vandag is sy deel van die Bruid van die Here Jesus, Waarvan ek 'n lidmaat is. Eendag sal ek haar weer sien.

29 En ek is seker dat Suster en Broer McPherson in hulle verlies. . . En ek wil sê dat Broer Tommy Hicks my pas 'n paar dae gelede geskakel het, toe ek die eerste keer hier in Phoenix gekom het, hy het sy broer verloor, ek reken dis aangekondig, een van ons broers. Hy het onmiddellik gesterf onder in Mexiko. En Broer Tommy moes invlieg om sy broer te identifiseer, wat 'n ongeredde persoon was. En arme klein Tommy het gehuil, sy hart wou breek.

30 En ek vertrou dat—dat ons nooit daardie ondervinding sal hê nie, maar ons almal gereed mag wees op daardie dag om Christus te ontmoet, want as ons—as ons nie gereed is nie. . . dis nie moeilik om te gaan wanneer jy gereed is nie, maar, o, wanneer jy nie gereed is nie!

31 En onthou, daardie. . . dit was nie net. . . jy droom nie daardie dinge nie, jy sien hulle, en hulle is werklikheid. Die oues sal, vir altyd, jonk wees Daar. Daar sal nooit meer ouderdom wees, of enige spoor van sonde, of enige spoor van ouderdom nie. Wat 'n bemoediging is dit vir ons om te weet dat daar 'n Land oorkant die rivier is.

32 Ek wil nou graag hê, dat ons Hom sal nader deur geboë hoofde en geboë harte, soos. . . Ek, net vir 'n dramatjie, soos ek

gewoonlik graag by die Sakemanne se ontbyt gee, wil ek uit die Skrif lees, en voor ek Dit lees en bid, wil ek graag vra of daar enigiemand hier is wat 'n versoek het wat graag onthou wil word, steek net jou hand op na God, wat ook al die versoek is. O, dis— dis 'n behoeftige gehoor, 'n behoeftige wêreld. Kom ons bid.

33 Ons Hemelse Vader, soos ons in en uit wandel onder die mense, is ons bewus van die feit dat ons eendag ons laaste wandeling gaan maak. Ons moet mekaar eendag vir die laaste keer op aarde ontmoet. En soos elke keer wat ons predikers na die preekstoel gaan, wonder ons of daar nog 'n geleentheid sal wees om U aan ons gemeente bekend te stel, sonder om te weet watter tyd dit mag gebeur. En, Here, ons bid, vanmôre, om genadig te wees.

34 En soos ek U geseënde Woord lees, bid ek dat die Saad in die harte van die mense sal val, dat hulle Dit sal ontvang. En as daar enige hier vandag is, Here, wat nie gered is nie, mag hulle vandag gered word. Mag hulle daardie algenoegsame besluit neem vanmôre deur die Seun van God as hulle Verlosser te aanvaar. Hulle wat vermoeid is op die Pad, en die Pad byster geraak het, bring hulle terug, Here. En diegene wat op die Pad is, bring vir hulle vreugde, en vrede, en bevrediging van hulle groot aanvaarding, in die verlede, van die Here Jesus.

35 Ons weet dat die mense al van sewe-uur vanoggend af hier sit, moeg, maar sal U hulle verkwik, Here, met buie van seëninge van die Hemelse Troon van ons Vader? Gee vir hulle, O God, dit wat nodig is vir die uur.

36 En nou, met die lees van U Woord, vertrou ek myself toe aan U, O Here, en mag die Heilige Gees die uitermatige oorvloedige uit die Woord voortbring.

37 U ken die versoek agter elke hand wat opgesteek is, en ek bid U, Vader, dat U daardie versoek sal seën. Gee aan hulle die begeerte van hulle hart. Seën hierdie byeenkoms, hierdie tyd van gemeenskap wanneer mans en vroue van alle vlakke van die lewe van regoor die nasie, en uit die volk, hier vergader het by hierdie groot plek genaamd Phoenix, wat opgerig is uit niks. Mag die Heilige Gees Sy klein Kerkie neem vanmôre, en 'n—'n feniks Daarvan maak, rig Dit vandag op deur wonderwerke, en tekens, en wonders van die lewende God gedurende hierdie konvensie.

38 Elkeen wat daarbuite in daardie swembad gedoop word, of waar dit ook al mag wees vanmiddag, mag die Heilige Gees op die waters beweeg en daardie persoon vang soos hulle uitkom, want ons weet die opdrag word vir ons gegee deur die Woord van God wat nie kan faal nie, Petrus se groot toespraak op die Dag van Pinkster by die inhuldiging van die Kerk, het hy gesê: "Bekeer, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is aan julle kinders,

en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep."

39 Here, U roep steeds vandag, en ons weet die Heilige Gees sal afkom in hierdie vallei, en oor hierdie water vanmiddag, en daardie mense die begeertes van hulle hart gee, hulle verseël in die Koninkryk van God. Skenk dit, Vader.

40 Seën hierdie konvensie, seën elke man, seun, of meisie, wie ook al 'n woord mag hê om te sê, mag dit vrugbaar wees vir die res van ons. Ons vra, in Jesus' Naam. Amen.

41 Nou, vir net 'n paar oomblikke van julle tyd...en ek gaan vir Broer Shakarian vra, of sommige van hulle wat...Ek's 'n suiderling, stadig om mee te begin. So ek was...My mense sê vir my dat ek soort van laat in die wêreld gekom het; ek was altyd laat. Toe ek gepreek het by 'n Verenigde Broeders kerk nie lank gelede nie, en ek was net omtrent 'n uur laat, julle weet hulle is reg op die kop, so die pastoor het opgestaan en gesê: "Gehoor, ek sal julle nou voorstel aan *wyle* [Eng. "*late*."—Vert.] Mnr. Branham."

42 Ek was laat vir my troue, ek het my vrou omtrent twee ure laat wag, moes 'n sieke-besoek aflê. Nou, as ek net laat kan wees vir my begrafnis, dis die hoofsaak. Wel, ek is so bly dat daar Een betyds is, en dis God en Sy Boodskap, altyd betyds.

43 Nou, môremiddag, as die Here wil, sal ek met julle praat, preek, as die Here wil.

44 Nou, as julle graag die teks wil lees, of dit wil neerskryf vir vanmôre, vir 'n eenvoudige dramatjie, wil ek hê julle moet Lukas 7:36 lees.

> *En een van die Fariseërs het hom genooi om by hom te kom eet. En hy het in die huis van die Fariseër ingegaan en gaan sit om te* eet.

45 Baie eenvoudig, ons almal ken die storie. Nou, ek reken dat dit omtrent sononder moes gewees het toe die koerier gearriveer het. Hy was moeg, sy voete was stowwerig, sy hare was gekoek van stof en sweet, want hy het die grootste deel van die dag gehardloop, hy het 'n—'n taak gehad om te verrig, en hy moes dit vinnig doen. So hy het waarskynlik in Kapérnaüm ingegaan, en hulle het vir hom gesê in Kapérnaüm, "Ja, Hy was 'n paar dae gelede hier, maar Hy is weg." Toe het hy in Násaret ingegaan, ensovoorts, stad na stad.

46 Uiteindelik, omtrent laat in die middag, die son wat gesak het, moeg, voete seer, uitgeput, het hy uiteindelik die Een ontmoet waarna hy gesoek het: Jesus van Násaret. O, as ons net so kon wees, loop van stad na stad, plek tot plek, tot ons uiteindelik in Sy Teenwoordigheid is.

47 Dit moes Filippus gewees het, Filippus was soort van die buitenste wag, skynbaar, hulle het hom eerste ontmoet voor hulle

by die ander apostels gekom het. Sê, soos Jesus wat iewers gesit het, en daar was Johannes wat op Sy boesem geleun het, Petrus wat geloof verteenwoordig het, en liefde was die naaste aan Jesus. So Filippus het waarskynlik hierdie koerier na—na, kom ons sê Petrus toe gebring, Petrus het hom in die Teenwoordigheid van Jesus ingebring.

48 En Hy was moeg, Hy, het heeldag gepreek, en miskien was Sy stem soort van grof, grof van seer en stof van die dag, van die mense wat op die grond trap en die stof wat opkom, Sy krag op, soos Hy moes staan en met die mense praat oor die Woord van God. Uitgekyk oor hulle en gesien hoe hulle gehonder en dors het, het aan hulle verduidelik hoe God al Sy groot werke tot stand gebring het.

49 O, ek sou graag daar wou gewees het om Daarna te luister! Sonder twyfel, glo ek dat elke persoon hier sou verlang het om daar te gewees het, om te hoor Wat Hy te sê gehad het, te luister na Sy Doktrine, wat Sy Doktrine was, hoe Hy Homself uitgedruk het, en watter soort stem Hy gehad het, en te kyk na Sy aangesig en om—om Hom Sy werke te sien doen, en die gedagtes van die mense onderskei, en hulle vertel van verskillende dinge en siektes wat hulle gehad het, en hulle as genees verklaar het. Ek sou graag daar wou gewees het. O, goeiste, ek sou dit graag wou gesien het.

50 En miskien het Hy net klaargemaak met die preek van. . . Julle weet, Jesus se eerste Doktrine, het julle ooit geweet wat Dit was? *Julle Moet Wedergebore Word*. Dit was Sy eerste Doktrine, *Julle Moet Wedergebore Word*.

51 So Hy mag teruggegaan het na Génesis en begin, en gesê het: "In die begin, het God gesê: 'Laat daar wees,' en daar was. En Hy het gesê: 'Laat alles wat Ek gespreek het, voortbring van sy soort,' en dit het." Dan mag Hy iets soos hierdie gebring het, gesê het: "Wel, noudat dit voortbring, maar tog, kan jy hierdie saad neem en jy kan hulle vermeng, en kan jy kry wat genoem word 'n basterproduk, pragtig, baie mooi, maar dit is nie die oorspronklike nie. Laat jy dit gaan, sal dit weer teruggaan na sy soort."

52 En 'n basterproduk kan nooit die gehardheid en die behandeling verduur wat die oorspronklike kan verduur nie. Wel, 'n ou Langhoring sou een van julle Herefords doodmaak buite op die prêrie in die wintertyd, sy kan vir haarself sorg soos 'n takbok. Maar jou baster Hereford, jou baster Brangus, hy sou daarbuite sterf, jy moet hom vertroetel.

53 En Hy. . .As Hy vandag gestaan het, glo ek sou Hy iets soos daardie vir ons sê. Nie net het ons vrugte verbaster, diere nie, maar ons het godsdiens verbaster, moet gepamperlang en vertroetel word, dis nie die Oorspronklike nie. Ons probeer die Woord van God neem en Dit in iets anders teel, en Dit *hier* heeltemal oorteel, en Dit word 'n klomp delikate babatjies wat

ons moet vertroetel, en hulle kan nie die ware Woord uithou nie. Hy mag so-iets gesê het.

54 Dan mag Hy gesê het: "Julle sien, julle lewens is regtig verbaster, Vader het gesê: 'Moenie aan die boom raak nie,' maar Satan het gesê: 'Dit sal jou nie seermaak nie,' so daarom, is julle lewe nou in n bastertoestand. En daardie lewe kan nie teruggaan na homself nie, want . . . terugteel nie."

55 Soos, jy kan die donkie neem en dit paar met die perd, die merrie, en dit sal 'n muil voortbring, maar die muil, die moedermuil en vadermuil kan nie 'n babamuil hê nie, jy moet aanhou verbaster.

56 Dieselfde ding met mielies, dis pragtig, maar julle lees *Reader's Digest*, wat al hierdie verbasterde goed aan die mense doen, kanker, al die res, basterhoenders. Hulle sê dat binne twintig jaar, as dit nie gestop word nie, wat sal gebeur? Vroue kan nie meer babas hê nie. Hulle word sterker, word nouer, kleiner in die heupe, kan nie die baba kry nie.

57 Los dinge soos hulle is! Los God uit, dis hoe dit is met Sy Woord, los Dit soos Dit is. Moenie iets Daarby probeer voeg om by 'n geloofsbelydenis te pas nie, hou Dit net soos God Dit gesê het, glo Dit. Dit sal 'n geharde, sterk Christen maak, nie 'n babatjie wat denominasioneel vertroetel, rondgestreel moet word, brief van die kerk, een denominasie na 'n ander nie. Wanneer Hy sy naam op die Boek in die Hemel plaas, is dit vir altyd afgehandel.

58 Jesus mag gesê het: "Nou, om terug te kom na die oorspronklike, moet God weer praat." Dis wat Hy doen wanneer Hy jou nuwe geboorte gee, jou ou lewe is weg, en jy's terug na die oorspronklike Woord van die Here. Jy's nie, jy's verbaster in kerke, denominasies, maar wanneer God spreek, vrede gee en die Heilige Gees, dan is jy weer terug in die oorspronklike familie van God. Jy hoef dan nie vertroetel te word nie, jy's 'n geharde Christen wat dit kan verduur, gaan na die kruis, na die vuuroond, na die leeukuil, of waar dit ook al mag wees, want die Woord van die lewende God brand in jou hart en siel. Dis reg. En almal kan afvallig raak, almal kan teen jou draai en alles, maar dit sal nie een ding stop nie, daardie geharde Woord van God bly net daar wanneer Hy daardie oorspronklike Stem in jou hart gespreek het: "Jy is Myne!"

59 Ek veronderstel miskien oor so-iets, ek weet nie, maar Hy mag gepraat het. En Sy stem was hees, Sy lippe uitgedroog, Sy gesig rooi van die direkte strale van die Palestynse son, wat baie warm is. En toe, het Filippus en Petrus miskien gewag tot Hy klaar was, en toe het Hy miskien hierdie aan die einde gesê: "Soek, en jy sal vind."

60 En omtrent die tyd dat Hy dit klaargemaak het, kon Petrus gesê het: "Here, hier is 'n man wat van 'n sekere plek af gestuur is deur 'n sekere man, en hy wil met U praat."

61 En Hy het afgekyk na hom en gesê: “Sê maar.” Nooit te moeg dat Hy nie gereed is om te luister na enigiets wat jy wil sê nie. Hy is dieselfde vandag, maak nie saak hoe laat dit in die nag is, hoe moeg Hy mag wees nie, Hy is steeds gereed om enigiets te beantwoord, vraag, wat jy Hom sal vra.

62 En hy het gesê, hierdie koerier het miskien gedink hierdie was ’n. . . die tyd wat sy reis verby was, so hy het vir Hom gesê: “’n *sekere-sekere* kardinaal,” biskop, iets, “Fariseër, my meester, gaan ’n *groot* fees hou, en hy het jou vereer, want my meester is ’n groot man, en hy het jou vereer, deur die skare te sien wat jou omring.” Met ander woorde: “Sien hoe jy aangetrek is? En tog wil hy hê jy moet kom en hom besoek by hierdie fees op *so-en-so* ’n tyd.”

63 Jesus gaan altyd na waar Hy uitgenooi word, maak nie saak waar dit is nie, Hy sal kom. O, Hy het eenkeer na ’n leeukuil toe gekom, na ’n vuuroond toe. Ek glo dit was Dawid wat gesê het: “Ek my bed in die hel maak, sal Hy daar wees.” Hy sal kom na die armste, na die rykste, na die mees onsedelike, na die wreedste, na die laagste, Hy sal enige plek toe kom waarnatoe Hy uitgenooi word. Maak nie saak wat jou toestande en posisie in die lewe is nie, Hy sal steeds kom. Dit maak Hom God vir my, nederig. “Ek sal daar wees. Gaan sê vir jou meester, Ek sal daar wees op daardie *so-en-so* ’n datum. Ek sal daar wees.”

64 Daardie mees ellendige koerier, hoe kon hy dit gedoen het? Ek wens dat ek sy plek kon geneem het. Het sy rug op die Here gedraai en weggegaan met ’n tevrede gevoel dat hy sy meester behaag het. Soveel keer is ons skuldig daaraan. Ons is so geïnteresseerd. . .

65 Ek het gelees in die *Niceense* Vaders, die *Post-Niceense Raad*, waar Sint Augustinus van Hippo, wat saam met Sint Martin gesit het, eendag, terwyl hy hom besoek het by die klooster, buite in die agterplaas, in die tuin, God hom die geleentheid gegee het om die Heilige Gees te ontvang, soos Martin het, maar hy Dit geweier het, so geïnteresseerd in die—die dogmas van Rome dat hy nie die Heilige Gees kon ontvang nie. Baiekeer raak ons so, so geïnteresseerd in ander dinge. Partymaal is ons so geïnteresseerd in tyd dat ons reg in die Teenwoordigheid van die Here Jesus ingebring word, wegstap.

66 ’n Man het my geïnteresseer nou die aand op die platvorm toe hy gepraat het oor om na een van die konvensies toe te gaan en sy whisky en sigare te neem. Dis al wat hy geweet het van ’n konvensie, maar ek is bly dat hy die geleentheid aanvaar het. Soveel keer doen ons dit nie, aanvaar nie die geleentheid nie.

67 Hierdie koerier wat die boodskap aflewer, en in die Teenwoordigheid van die Here Jesus, en tog net dom genoeg was, as ek dit moet sê, om weg te draai, en te dink dat hy alles gedoen het wat nodig was. Partymaal gaan ons skool toe en kry ’n Ph.D.

of LL.D., gaan na ’n Pinksterdiens, en, om hulle te vertel dat die dae van wonderwerke verby is want die biskop het ons gestuur om vir hulle so te sê, en draai weg van die einste feit dat ons in die Teenwoordigheid van Jesus Christus is.

68 Wat ’n geleentheid het God daardie man gegee! Daardie arme ellendige man! Ek wens dat ek daar kon gestaan het, ek sou neergeval het aan Sy voete, heel eerste, voor ek enigiets gesê het oor wat die kardinaal wou hê. Ek sou, gesê het: “Here Jesus, wees my, ’n sondaar, genadig.” Dit sou die eerste ding in my lewe gewees het, in die wete dat Hy Lewe was, en die enigste Bron na God deur Hom was, ek sou Hom aanvaar het, Hom eers my persoonlike Verlosser gemaak het, en die opdrag gelos het wat die kardinaal, of die pous, of distriksman my gegee het, of wat hy ook al was wat my ’n opdrag gegee het, ek sou Christus eerste gesoek het.

69 Ek dink dit behoort die uitsluitlike plig te wees van elke man, vrou wat hierdie dienste bywoon, ongeag van wat iemand anders gesê het, jy’s in die Teenwoordigheid van Christus ingebring. Maak nie saak hoe suksesvol, of onsuksesvol, maak nie saak hoe groot, of hoe arm nie, maak nie saak wat jy is nie, by die eerste geleentheid, val neer voor Sy voete en sê: “Here, wees my, ’n sondaar, genadig.” Dan kom, sê vir die sakemanne julle wil graag by hulle geledere aansluit. Stel God eerste.

70 Hierdie mees ellendige man, hoe ons na hom sou kyk vanmôre as ons die gordyn kon ooptrek, en kyk of dit die heeltyd sy gesindheid was, om van die Teenwoordigheid van Christus af weg te draai, wanneer hy die geleentheid gehad het om by Hom te staan. Wat ’n ellendige persoon is dit vandag nog, want hy lewe iewers. En dit mag ek en jy wees na hierdie diens vandag, dit hang af van ons gesindheid wanneer ons in Sy Teenwoordigheid is. Aanvaar dit altyd.

71 Maar hy het sy rug op die Here gedraai en weggestap en verlig gevoel, tevrede, dat hy gedoen het wat hy gesê is om te doen. Partymaal is dit nie goed om te doen wat vir jou gesê word om te doen nie, in daardie geval, was dit so.

72 So toe vind ons uit dat hy vinnig moes teruggegaan het en die boodskap gebring het, en, “Ek het hom gevind. Ek—ek weet wie hy is, ek het hom ontmoet, en ek het vir hom gesê, en ek het sy belofte dat hy hier sal wees. Hy sal hier wees, hy het gesê hy sou hier wees.”

73 Nou, daar’s iets verkeerd met hierdie toneel, daar’s iets verkeerd iewers. Daardie Fariseërs het nie van Jesus gehou nie, hulle het Hom gehaat. Hulle kon nie Sy Naam op hulle denominasionele rol vind nie. Hulle kon geen van hulle skole van teologie vind waardeur Hy gekom het nie, maar Hy het deur een gekom, nie hulle s’n nie, God s’n. So ons vind uit dat hierdie

Fariseërs Hom gehaat het, Hy het geen samewerking met hulle gehad nie, hulle het Hom verag.

74 En julle kan nie vergader vir gemeenskap tensy julle iets in gemeen het nie. Dis waarom ons graag na hierdie dienste toe kom, ons het iets in gemeen: die Heilige Gees, broederliefde, gemeenskap hou met mekaar terwyl die Bloed van Jesus Christus al ons sondes reinig. Ons het gemeenskap, ons het iets in gemeen.

75 Wanneer jy jong mense by ou mense sien, jy 'n dogtertjie sien wat die heeltyd by ouma rondhang, is daar iets verkeerd, te 'n groot verskil in hulle ouderdom. Julle weet, die jong vroue, die sestienjariges, hulle hou daarvan om hulle kougom te blaas en, julle weet, en dinge soos die ander, en te praat oor die kêrels. En—en die ou dames, hulle hou daarvan om te praat van stikwerk, en knip en naaldwerk, en kook, ensovoorts. En die kindertjies hou daarvan om—om pop te speel, of albasters, tolle, of wat-nog. Maar wanneer jy 'n klein dogtertjie sien rondhang by ouma, dink julle net ouma het 'n sak lekkergoed iewers, iets verkeerd, of sy is ouma se witbroodjie.

76 So hierdie Fariseër moes 'n, soos ons dit op straat sou noem, 'n "troefkaart" in sy mou gehad het om Jesus uit te nooi, want hy het Hom gehaat, was geen gemeenskap nie. Ek stel my net voor hy het vir die ander groot manne in sy buurt gesê: "Ken julle daardie *sogenaamde* Profeet? Ons mense weet dat dit telepatie is, ons weet dat hy 'n fortuinverteller is, en daar niks aan hom is nie."

77 Julle weet, hulle het nie almal uitgesterf nie, baie van hulle lewe steeds. "Ons weet dat hulle. . .Ons glo hom nie, ons—ons vereniging het dit alreeds veroordeel. So julle weet wat? By hierdie sekere fees wat ek gaan hou, gaan ek kyk of ek hom hier kan kry, en sal ons bewys dat hy nie is nie. Ons sal bewys dat hy nie is wat hy sê hy is nie, so ons sal hom hier kry." En dit, na my mening, was die kaart wat hy in sy mou gehou het.

78 O, hierdie Fariseërs (Daar was toe net twee klasse mense, ryk en arm.), so hulle—hulle kon regtig 'n fees hou. O, goeiste, hoe hulle dit kon doen! Hulle sou kies, die mees geskikte tyd van die jaar kies, miskien wanneer die druiwe heeltemal ryp was daar in die wingerde, en die jasmyn wat in die nag geblom het, en die lemoenbloeisels wat—wat die lug gevul het, en net die vallei volgemaak van die geur van die—van die reuk. En dan sou hulle 'n lam neem en braai. O, 'n lekkerny! Daardie lam gebraai, en—en die arme mense sou dit ruik onder in die dorp, hulle mond sou water, maar, om daardie lam te ruik wat gebraai het.

79 Maar jy kon net op uitnodiging kom. Hulle het hulle erwe heeltemal omhein gehad ensovoorts, en hulle het waarskynlik uitgegaan op die groot stoep aan die agterkant. En dit was 'n ware uitgesoekte tyd vir hulle *sogenaamde* gemeenskap wat hierdie priesters en hiërargieë saam gehad het. En hulle het net

die hooggeplaastes genooi, so julle sien, Jesus sou uit plek wees daar. Enigiemand gevul met die Gees sou uit plek wees daar, so hulle—hulle het al hulle gesprekke van ander dinge gehad.

80 En dis een ding waarvan ek hou by 'n Sakemansbyeenkoms, nie net 'n sakemanne nie, (Maar 'n, waar hulle sit en praat oor hoe hulle 'n bietjie aan *hierdie* kant kan kry, en 'n bietjie van *hierdie* een afsny, en Petrus beroof om Paulus te betaal, sê hulle, julle weet, en sulke dinge. . .), ek hou daarvan waar julle kom en julle praat oor Jesus, en oor God, en oor die Heilige Gees, en oor die krag, en die opstanding, en die Koms van die Here, dis waarvan ek hou in die Sakemanne.

81 Maar hierdie kêrel, hy was 'n ander soort karakter. En hy het, hy het alles gereedgekry, die uitgesoektes, en sonder twyfel, al die hoëpriesters, en die biskoppe, ensovoorts laat weet: "Nou, hy kom hiernatoe, wees hier. Nou, ons gaan net verseker vir eens en vir altyd bewys dat daar niks aan hierdie kêrel is nie. En kom julle net almal, julle het hom nog nooit gesien nie. En ons sal miskien iets verwag waarmee ons hom sal kan uitvang."

82 So, uiteindelik, is alles gereël, die regte dag het aangebreek vir die—die fees, en die. . .daardie oggend was alles in orde en alles gereed. En o, hoe hulle dit gereed kon kry, alles *net reggekry*.

83 Daardie oggend, baie vroeg, was al die diensknegte op met die handdoeke oor hulle arms wat sou bedien. Die dier was alreeds doodgemaak en is in die voorplaas gebraai. En die wyne was reeds geskink in die spesiale bottels en kanne, die bekers was oral op die tafel. En al die diensknegte was gereed om die skares te bedien wat gekom het.

84 Vervoer was 'n baie vreemde ding, hulle het drie maniere van vervoer gehad: die leër het in 'n strydwa gekom, die ryk man het op 'n muil gekom, die armes het geloop. So hulle het verskillendes daarbuite gehad om vir die gaste te sorg soos hulle opgekom het, dit was regtig baie mooi gereël. Nou, laat ons goed oplet.

85 En soos ons sien, dat die man wat miskien sou omsien na die soldaat se strydwaens wat gekom het, hulle—hulle 'n plek gehad het om na hulle om te sien, uh, om hulle perde af te haak en hulle in die stal te sit en vir hulle kos te gee, en die een vir die rykes om hulle klein donkie uit te neem en hom te versorg. En—en toe het hulle 'n ander kêrel daar gehad, hy is die voete-was genoem, hy was 'n dienskneg, die laagste betaalde man van die hele groep, 'n kneg, voete-was, die laagste werk van almal.

86 En partymaal wanneer ons dink dat ons *iemand* is, en die hoogste Hiërargie van die Hemel het vleesgeword in 'n voet-was Kneg, toe Hy gekom het om sterflinge se voete te was! Toe Hy na die aarde toe gekom het, het Hy nie gekom om *Iemand* groot te wees nie. God neem altyd die—die niemands om *iemand* van hulle te maak. Dis die probleem met die mense vandag, hulle probeer *iemand* wees. Jy wil 'n niemand word, God neem iets waaraan

daar niks is nie, om iets daarvan te maak, en dit bewys dat Hy God is.

87 Hoedat hierdie lae werk, om die voete van die mense te was, en Jesus het daardie werk geneem, die laagste wat daar op aarde was, om 'n—'n voorbeeld te word. Hy hoef dit nie te gedoen het nie, Hy kon 'n hand in 'n vis se bek steek en 'n muntstuk uithaal, of—of praat met die berge en dit sou goud by die biljoene ton uitstort. Hy kon water uit 'n put pomp en dit verander in die heerlikste wyn in die land, Hy kon vyf broodjies en twee visse neem, en vyfduisend voed.

88 Hy hoef dit nie te gedoen het nie, maar Hy het gekom as 'n voorbeeld, soos Pinkstermense behoort te wees, reg, het die laagste werk geneem. O, sekerlik, dis wat. . . Maar ons probeer die grootste neem. As ons nie biskop, dokter, pres-. . . o, iets, hoogste plekke, grootste dinge kan wees nie! O, goeiste, ons is net, ons is vol groot dinge.

89 Ek kom nie, wanneer ek uitgenooi word soos hierdie, om mense te vertroetel en te streel nie, ek bid, sê: "God, dis U mense, wat kan ek sê wanneer ek die dinge sien insluip?" Dan begin die Heilige Gees vir my sê: "Spreek *hierdie* aan." Sien, ons wil iets *groots* hê, en God neem iets kleins.

90 Elía het die magtige, rukwind gehoor, die donderslae, weerlig, en die aardbewing, en het hom nooit gepla nie, maar wat hom aangetrek het, was 'n sagte, klein Stemmetjie. Dit het die profeet iets oor sy gesig laat sit en uitstap om na God te luister. Ek wonder of ons Pinkstermense nie te veel staatgemaak het op rukwind, 'n klomp geraas, in plaas van om te onthou, of, daardie sagte klein Stemmetjie te hoor nie. Ons hoor soveel gedruis, ons kan nie tyd neem om die sagte klein Stemmetjie te hoor nie.

91 Julle weet, 'n wa gaan uit in 'n veld, ry oor boggels en *stamp*, *stamp*, *stamp*, maak allerhande geraas, piep, en skree, en spring, maar as dit terugkom, is dit gelaai met goeie dinge, dit gaan verby dieselfde boggels en maak nie 'n beweging nie. Ons behoort gelaai te wees. Solank daar kwaadwilligheid onder ons is, solank daar verskille onder ons is, is ons nog nie gelaai nie.

92 Neem 'n onkruid, lighoofdig, 'n koring kom op, hou homself regop in die lug, en word geskud deur die wind, steek sy kop reguit op, maar wanneer sy kop vol word, buig dit.

93 Ek dink dis wat die probleem is met almal van ons vandag, die kerke. Ons assosieer onsself nie genoeg met ware nederigheid nie, nie 'n valse nie, maar iets wat jy daar bly totdat iets met jou gebeur het. Nederigheid, te veel wind en donderweer, nie genoeg sagte klein stemmetjies nie, ek dink dit is waar. Ons kyk en sien dat dit—dit waar is, want die vrugte wat dit in ons mense dra, op een of ander manier is dit nie presies soos dit altyd was nie.

94 Terug na ons storie; ons sal daardie Sondag kry. Let op, ons vind hierdie Fariseërs. . . hierdie Fariseër wat alles gereedmaak

vir sy groot opskop, soos ons dit sou noem, groot ete wat hy gaan voorsit. En ek kyk na die—die man daarbuite wat gereed is om die soldaat se strydwaens te neem, en die een wat die ryk man se donkie neem.

95 En—en in Palestina, dra hulle 'n—'n kledingstuk aan die buitekant, wat 'n kleed is. Aan die binnekant, dra hulle 'n onderkleed wat tot by die knieë kom. En soos hulle gereis het in daardie dae, het hulle opgeloop oor die berge en—en oor, kortpaaie gemaak, en as hulle het, het hulle, die stappers en die een wat pakdiere gehad het, hulle het op dieselfde pad geloop.

96 En die diere langs die pad waar hulle geloop het, en—en toe op die grond gelê het, het die stof begin ophoop, en waar die diere die land oorgesteek het, was daar 'n reuk in die stof. En soos die mense geloop het, en hierdie groot kleed, wat losgeswaai het, het 'n wind gemaak, en dit het die stof opgetel, en dit het op hulle ledemate gekom, op hulle gesig, en hulle kon nie voor mense verskyn vir geleenthede as hulle so geruik het nie.

97 So hulle het 'n—'n voet-was kneg gehad wat die gaste by die deur sou ontmoet. En wanneer enigiemand gekom het met hulle uitnodigingskaartjie, het hy 'n hele rak gehad van wat ons sou noem, iets soos, slaapkamerskoene, gemaak van tekstiel of—of een of ander soort materiaal. En die sandale van daardie dae was partymaal 'n stuk hout, soos ons het, wat die Romeinse sandaal genoem word, met 'n stuk leer waar die toon tussenin gegaan het en die—die voet was dan blootgestel aan die—aan die stof.

98 En soos hulle aangestap het, sou hulle na hierdie plek toe kom, gee hulle. . .hulle kaartjie geneem. En hulle sou afbuk, hierdie sandale uittrek en hulle op 'n plek sit, met hulle naam, en bo van die rak nog 'n paar sagte sandale afhaal en aan hulle voete trek, wat hulle dan gereed was om in te gaan. O, hulle matte was, partymaal, was baie dik en groot tapisserieë, hulle was. . .het 'n pragtige toneelstuk in hulle huise gehad, daardie mense was ryk.

99 En dan was die volgende ding wat hierdie persoon gedoen het, hy is gewas, sy voete, dan was die volgende ding wat gebeur het, hy het na die volgende gas toe gegaan, en hy het gestaan met 'n handdoek oor sy arm, met 'n kruikie in sy hand, dan sou hy—hy olie in sy hand gooi, hom dit agter sy ore en op sy nek laat vryf, want sy gesig het gebrand, hy was vuil. En hy sou dan hierdie handdoek neem en sy gesig goed afvee, en—en hy was reg, die reuk was van hom af, en hy is gesalf met parfuum, en dit was duur, baie duur.

100 Hulle kry dit, sê hulle vir my, van ver bo in die berge waar hulle hierdie appeltjies kry nadat die roos af is, en die appeltjies, en dis 'n baie duur ding, soos die koningin van Skeba na Salomo toe gebring het, speserye, en nardus, ensovoorts, en hulle het hierdie parfuum daarvan gemaak.

101 En hulle het hulleself ontspan deur. . .Hulle was, voete is gewas, die reuk was van hulle af, daardie brandende, skroeiende son op hulle gesig, dan is hulle verfris. Dan die volgende ding, die eerste stap, tweede stap, nou die derde stap. Nou, ek sou 'n rukkie daaroor kon preek, maar ek het nie die tyd nie, hoe dit regverdigmaking, heiligmaking, die doop van die Heilige Gees, is.

102 Dan, wanneer hulle ingegaan het, het hulle die gaste ontmoet. . .ontmoet. . .het die—die—die gasheer hulle ontmoet. Dan iets soos hierdie (Staan op, Broer Demos.), nadat, julle sien, gewas, geparfumeerd, hy het-. . .hy was nie skaam vir die reuk nie. Hy het sagte skoene aangehad om op die groot Persiese matte te loop. Hy was gesalf, hy het 'n goeie reuk aan hom gehad, nie die stank van die diere nie, maar hy was geparfumeerd. Dan het hulle uitgereik soos *hierdie* (Kom net hier, Broer Demos.), ek was in die Ooste, nou, neem *hierdie* hand soos *hierdie*, dan sou hulle saam na *hierdie* kant toe kom. Dan het hulle mekaar geklop wanneer die gasheer die gas ontmoet het, dan was dit die verwelkoming genoem. Sien, hy was gewas, geparfumeer, en is verwelkom met 'n kus. Hulle het op die nek gesoen, hy is verwelkom met 'n kus, dan was hy 'n volwaardige broer.

103 Dis hoe dit in die Kerk is wanneer ons gewas word deur die Bloed van die Lam, geparfumeer deur die Lelie van die Dale, en gekus deur die Vader, dan is ons verwelkomde gaste. O, daar's soveel wat daar gesê kan word, maar om julle nie te lank te hou nie, ek wil julle nie vermoei nie.

104 Maar wanneer, dan gekus, welkom, hy—hy's tuis, hoef hy oor niks bekommerd te wees nie. Hy kon soontoe gaan en 'n groot toebroodjie uit die yskas neem, en sy skoene uitskop, op die bed gaan lê, enigiets wat hy wou doen, hy was tuis.

105 En wanneer God ons verwelkom in Sy Koninkryk, is ons Tuis, dis alles reg, dis dan alles verby, ons is gewas deur die voorbereiding wat Hy vir ons voorberei het: Sy Bloed, 'n welriekende Geur, geparfumeer deur die heiligmaking wat die stank van die wêreld verdryf (Halleluja! Ek voel soort van godsdienstig op hierdie oomblik.), die stank van die wêreld, of die begeertes van die wêreld wegneem.

106 Sien, as die wêreld steeds in ons is, dan is daar iets verkeerd. Geen wonder ons kan nie 'n ware Pinksterherlewing hê nie, geen wonder daar skort iets nie, die gas het net nie reg ingekom nie. Julle sien, Jesus het dit eenkeer geleer oor die klede, en Hy het gesê: "Hierdie man is daar gevind wat nie geklee was nie, en hy is gebind en in die buitenste duisternis gewerp." Soveel kon daaroor gesê word.

107 Maar dis hoe hulle dit gedoen het. Dan was hulle tuis, hulle het gevoel asof hulle 'n broer was. Jy kan nie voel asof jy 'n broer is wanneer jy steeds die wêreld begeer nie. Jy kan nie jouself

hierbuite assosieer in dinge van die wêreld van bedrog, lieg, steel, julle vroue wat julle hare afknip en kortbroek dra en alles, dan steeds tuis voel wanneer die Woord van God gepreek word nie. Julle is veronderstel om Pinkster te wees, veronderstel om gevul te wees met die Heilige Gees.

108 Iemand het my gekritiseer nie lank gelede nie, gesê: "Waarom los jy nie daardie mense uit nie?" Gesê: "Mense dink jy's 'n profeet."

Ek het gesê: "Ek's geen profeet nie."

109 Gesê: "Wel, hulle dink jy is. Waarom leer julle nie daardie mense, daardie Pinksters, hoe om hierdie dinge te ontvang, hoe om groot geestelike seëninge te kry en in die Teenwoordigheid van God in te gaan en ook visioene te sien, as jy hulle sal uitlos nie."

Ek het gesê: "Hoe kan ek hulle algebra leer wanneer hulle nie eens hulle ABC's wil leer nie?"

110 Hoe kan hulle geestelike dinge aanvaar wanneer hulle nie eens wil her-. . . die gewone ordentlikheid hê om hulleself skoon te maak nie? Nie om julle seer te maak nie, maar om eerlik met julle te wees. Oneerbare dinge wat die Bybel sê julle nie behoort te doen nie, tog assosieer ons daarmee. Sekerlik. Sien, jy kan nie welkom voel nie, nee, meneer. Jy's buite die Woord, en Hy is die Woord. Nou, genoeg daaroor, ons sal dit op 'n ander keer kry. Maar, let op, soos ons aangaan.

111 Jy sê: "Wat makeer jou?" Wel, julle manne wat hulle dit sal laat doen, dit wys waarvan jy gemaak is. Party van julle vroue, pastore se vroue, tree so op en trek so aan! Wat is dit? Jy probeer. . . Jou man sal jou dit laat doen? O, Broer! Wat is dit? Party van hierdie water-kop haarsnitte wat julle het, wat probeer optree soos die eerste dame van die land. Isébel was ook die voorste dame van die land! Party van hulle pastore wou hulle nie daarvan vertel nie, maar hulle het 'n Elía daaronder gehad, wat beslis daarvoor gestaan het. Dit was haar pastoor, sy wou dit nie glo nie. Rondgelei . . .

112 Let op, ons vind uit dat hulle gereed en voorbereid moes wees om in te gaan. Hoe het dit gebeur? Ons sien Hom nou, wat in die kamer sit, ongewas, ongesalf, nie welkom gekus nie, wat in die kardinaal se huis sit. Ek wil vir julle iets vra: Wat het gebeur met daardie voete-was kneg? Waar was hy? Hoe het hy dit nagelaat? Wat 'n geleentheid, en dit gemis. O, ek glo as ek daar was en geweet het Hy sou kom, sou ek op 'n leer iewers gewees het, uitgekyk het vir Hom om te kom. [Leë kol op band—Red.] Die eer om Sy voete te was, die eer! Maar, op een of ander manier, het hy Hom net vergeet, Hom laat gaan.

113 Waar was die man met die salwingsolie? Maar, op 'n manier, was Hy daar en was vuil. Dit maak my dood om dit te sê, maar Jesus met vuil voete. Julle weet die Fransman noem Hom:

"Jésus." Jésus. Jésus met vuil voete, niemand wat genoeg daaroor omgee om Sy voete te was nie.

114 "Wat het dit met ons te doen, Broer Branham?" Hy het gekom en Hy was betyds, Hy is altyd betyds, nooit laat nie. Ons vra vir 'n herlewing, en Hy kom, iemand begin die Here prys, of ween, hy word uit die kerk gesit. Sien? Hy word nooit verwelkom nie. Jésus met vuil voete.

115 O, waarom het Hy vuil geword? Hy het vuil geword op pad, omdat Hy gevra is om te kom. En vandag is Hy ook, wanneer Hy kom, word Hy holy-roller genoem, een of ander skandelike naam. Waarom het Hy daardie soort ding gekry? Want ons het Hom uitgenooi om te kom, en God het afgekom in die vorm van menslike vlees. Hy het hier op aarde gelewe. Hy het dit geword sodat. . .

116 Ons het God uitgenooi om te kom, en dan, wanneer Hy kom, wil hulle Hom nie hê nie. Hulle wou Hom nie hê nie. Baiekeer wil ons Hom nie hê nie, dit meng in met ons denominasionele opset, dit meng in met die sosiale posisie wat ons by die ander kerke het. God wees ons arme, ellendige Fariseërs genadig.

117 Wat ons nodig het, is die krag van die Heilige Gees terug in die geboue, en terug in die mense, dat hulle die outydse Pinksterkrag sou hê wat die kerk skoongemaak het van die opsigter tot by die pastoor. Dis reg. Amen. Dis wat ons nodig het. Maar ons bid daarvoor, en wanneer dit kom, "O, nee! Dit meng in met my sosiale posisie." Sien? O, sekerlik, kos 'n bietjie van die waardigheid. As jy dit nie net *so-en-so* het nie, sal die mense nie kom nie. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom getrek het nie." Let weer op: "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom." Hou die ding skoon.

118 Ons kan nooit met die wêreld vergelyk nie, ons maak 'n fout deur te probeer optree soos die wêreld. Ons kan nooit met hulle vergelyk nie, en ons hoort nie buite op hulle terrein nie. Bring hulle oor na ons gronde, ons het Iets wat hulle nie het nie. Ons begin optree soos hulle, dan weet hulle ons—ons—ons sê iets wat ons nie het nie. Laat die—laat die wêreld na ons toe kom, nie ons agter die wêreld aangaan nie. Laat die wêr-. . .

119 Julle weet, Hollywood skyn, maar die Evangelie gloei. Daar's 'n groot verskil tussen skyn en gloei. Gloei, nie skyn met die uiterlike voorkoms nie, gloei aan die binnekant deur die Heilige Gees, met soetheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld, en liefde. Gloei, moenie skyn nie. Skyn is soos die wêreld.

120 Die Kerk is baie soos dit was in die dae van Ester. Ester het nie die parfuum van die vroue geneem nie, sy het haarself versier met die beskeie kleding, die verborge Man van die hart, en die koning het gesê: "Sit die kroon op *haar* kop." Ester was 'n tipe van die Kerk vandag, hulle wat gereed is om uit te kom en hulleself te versier met die soetheid van die Heilige Gees, nie die

parfumering en die bekleding van die wêreld, met hulle probeer vergelyk nie, maar daardie verborge Man van die hart, dis die Een.

121 Let op, ons vind Jésus wat daarbuite sit met vuil voete, hulle is nooit opgelet nie. Hoe het Hy ingekom? Hoe het Hy gemis . . . ? Hoe het die voete-was kneg Hom gemis? Hoe het die res van hulle Hom gemis? Ek weet nie. Maar Hy het daar gesit met vuil voete, niemand het enigiets daaraan gedoen nie. O, Fariseër, hy en die ander, die biskop, en die aartsbiskop, en die kardinaal, en al die res van hulle was daar oorkant besig om die glase te klink, en die—die goeie wyne te drink, en—en te praat oor die dinge van die . . . van Israel, maar het nie die God van Israel gesien nie.

122 Dis vandag, ons wil die grootste gebou in die dorp hê of . . . en al die mense stroom graag na die grootste gebou wat daar in die stad is, al hierdie groot, die bes-geklede, en al hierdie ander, en ’n arme mannetjie wat die Evangelie verkondig daar oorkant op die straathoek, of daarbuite iewers in ’n stegie, in ’n kerkie, en julle wil nie met hom assosieer nie. Wat is die probleem? Daar’s iets verkeerd. Gaan soontoe waar die res van die mense *so* optree en die beste aantrek. Dis so jammer dat dit in ons sfere inbeweeg. Reg.

123 Wat ons nodig het, is ’n verootmoediging. Wat ons nodig het, is ’n herdoop van die Heilige Gees, met God se liefde en krag om hierdie wêreld uit ons uit te neem, ons weer terug te bring na die kleding van die Woord, gewas deur die water van die Woord. Kom terug na Christus, in plaas van om onsself soos die wêreld te maak, te probeer optree soos die voorste dame en—en al hierdie ander dinge, party van die biskoppe, ensovoorts, dit maak nie saak nie, jy wil wees soos Jesus, Jésus.

124 Nou, dink daaraan, almal wat by die heining gestaan het na die fees begin het, die geur van die lam en die—en die, alles. Daar was niemand op straat nie, almal het gestaan, en inkyk, hulle monde het gewater, het gesmag na ’n happie van die lam. Hulle kon nie inkom nie, nee, hulle was die armes, die uitvaagsels, buitekant. En hier was Een aan die binnekant wat aangetrek en gelyk het soos hulle aan die buitekant, iets verkeerd iewers. Daar gesit, nie eens net die ordentlikheid om Sy voete te was, of—of Hom met ’n kus te verwelkom nie, Hom net daar laat sit, niemand by Hom nie. Sy dissipels kon nie kom nie, hulle is nie genooi nie. Maar hier is Hy, wat hier sit, rondkyk.

125 Nou, luister, ver onder in die straat, na die laagste deel van die stad, onder in die rooiligdistrik, draai ons regs, gaan op in ’n steeg, daar’s ou krakende trappies wat aan die agterkant afkom, en soos jy dit klim, piep en piep sy, maak die deur oop, en ons vind ’n vroutjie daarbinne. O, ek glo nie sy het bedoel om sleg te wees nie, miskien het sy ’n goeie ouer gehad, en sy het net die pad gekies wat verkeerd is, of miskien was sy ’n goeie meisie, een of

ander gladde-kop, krul-kop Judas het die dametjie se reputasie geruïneer.

126 Ek mik altyd na die vroue, ek gaan 'n bietjie vir julle opkom. Daar's baie goeie meisies wat verkeerd uitgedraai het as gevolg van een of ander klein geparfumeerde Judas wat aangekom het met sy ge-oliede hare, en wat sy mond voor oophang, wat aangaan met een of ander ietsie van die, een van hierdie Ricky of Elvis se masjiene hierbuite op die straat, een of ander meisietjie uitneem omdat sy dink hy's oulik, haar 'n sigaret gee, haar op die dansbaan kry.

127 Ek het al duisende van hulle ontmoet, hulle arme lewetjies verwoes en geruïneer. Dis nie altyd hulle fout nie. Moet nooit vir 'n seun soos daardie val nie, Suster, los hom uit, is niks vir hom as hy nie gevul is met die Heilige Gees nie.

128 Ek gaan iets sê, ek bedoel dit nie as 'n grap nie, want hierdie is geen plek vir grappe nie, maar net iets wat in my kerk gebeur het; hierdie is 'n plek van die Evangelie. Ons het 'n meisie hier by ons kerk gehad 'n tyd gelede, gawe, mooi, meisietjie, voor jy jou kom kry, het haar hare afgeknip. Dis teen die reëls. Ja, meneer. Wanneer sy dit doen, sê die Bybel, is sy 'n oneerbare vrou, kom weg van haar af. Die Bybel het gesê 'n vrou, wat haar hare knip, is oneerbaar. Nou, dis die Woord. God weet dis reg.

129 En as die Heilige Gees in jou is en nie Daarmee wil saamstem nie, watter soort Heilige Gees is dit? Die Heilige Gees, Self, in jou, laat jou lewe wat jy is. As die Heilige Gees verskil van die Woord, en jy noem dit die Heilige Gees, dan is dit nie die Heilige Gees van God nie, jy het een of ander soort gees.

130 Vandag het ons allerhande soorte geeste. Mense sê: "Maak jou oë toe, maak jou mond oop, ontvang iets." Jy doen dit, maar kyk wat jy het nadat jy dit ontvang het. Jy moet dit nie doen nie, kom jy verstandig na God toe, met al die intelligensie, deur vas te hou aan die Woord. Kry die Gees van God, Dit sal jou reg in lyn met God laat wandel, sekerlik.

131 Hierdie dogtertjie, sy het begin uitgaan met een of ander klein Elvis. Naderhand het ek haar gevra, ek het gesê: "Martha, wat—wat laat jou dit doen? Wat sien jy in daardie kêrel? Hy rook, ek het hom reg op die kerkgronde sien staan en rook."

132 "O," sê sy: "Broer Branham," gesê: "jy weet," gesê: "hy het mooi, krulhare," en gesê: "hy ruik net so lekker." Nou, as dit nie iets is om 'n kêrel oor te kies nie!

133 Ek het gesê: "Maar hy is nie gered nie." Ek het gesê: "Ek sal liewer met 'n seun uitgaan wat ruik soos 'n veekraal, en voete soos 'n treintrok gehad het, en die Heilige Gees het." Ja, ek sou, as een van daardie klein dingetjies. Sy het uiteindelik op die verkeerde pad beland, soos hierdie arme meisietjie miskien het. Een of ander seun het haar verkeerd gelei, toe het sy begin. En as jy alreeds begin het, Sus, is daar hoop as jy net hierdie Man

sal ontmoet waarvan ek praat. Miskien het sy nie die geleentheid gehad nie.

134 So sy begin in die straat afgaan op haar gewone roetine. En sy sien niemand nie. Waar is almal? En sy gaan om nog 'n hoek en nog 'n hoek. Waar is almal? Daar's niemand vandag nie. Naderhand, *ruik* sy, ruik daardie aroma, arme leë maag begin honger word. Sy beweeg op onder die skare, op na Fariseër se deur, en sy sien die biskop, en die kardinale, en almal van hulle daarbinne, wat die glas lig. En sy druk haarself tot teen die heining, en mense begin, weggaan van haar af, party van hulle erger as wat sy is. Dis reg.

135 Eiegeregtig, besef nie dat elke vrou wat verkeerd gegaan 'n rede daarvoor gehad het, elke man wat verkeerd gegaan het, nie. En ons dink ons is baiekeer so eiegeregtig dat ons nie met die boemelaars op die straat wil assosieer nie. Ons het nie tyd om te stop en 'n oomblik met hulle te praat nie. En onsself dan Christene noem?

136 Ja, sy het haar pad gedruk na die heining, en sy het daardeur rondgekyk, *geruik*, sy was honger. En sy het gekyk, en sy het dopgehou, *hier* oorkant in die hoek, het Fariseër gestaan, sy kon daardie yslike groot "Ho-ho-ho-ho" hoor, oorkant in die hoek, oorgekyk en *hier* het hy die glase gelig met daardie goeie, spesiale wyn, en die lam wat gebraai word, en aandete amper gereed om bedien te word.

137 En—en rondgekyk soos daardie, en naderhand het haar oë Iemand gevang (O, mag ons nou almal daardie prentjie kry.), wat oorkant in die hoek sit, ongemerk, en sy moes Sy oog gevang het. Niemand wat Hom ooit in die oë kan kyk, kan ooit weer dieselfde voel nie. Sy het Hom gesien, en sy het gedink: "Wie is Dit? Daar's iets anders aan Hom." En daar is. Daar was nog nooit iemand soos Hy nie, daar kan nooit iemand soos Hy wees nie. Hy was anders as ander. En daar het Hy gesit, sy het afgekyk, en mense het, weggedraai van Hom af. En hulle . . . Sy het opgelet Sy voete was ongewas, Sy gesig was steeds uitgedroog en gebrand.

138 As ons dit net vandag kon sien, en julle weet waarvan ek praat, Hom in skande sien sit, soos Sy mense vandag aan die wêreld doen, hulle wil geen assosiasie met hulle hê nie. Hulle is dieselfde as . . . Jy sê: "Pinkster," broer, is hulle weg. Jy sê: "Heilige Gees," ooh, goeiste, is hulle weg Daarvan.

139 Wat ons mense behoort te doen, is om Sy voete te was, Hom te salf, dat ons mag opstaan in die krag van Sy opstanding, daardie skande van Hom wegneem. Amen. Maak die wêreld beskaam vir hulleself, met die krag van Sy Lewe in ons, as ander skepsels, nie soos hulle daarbuite, wat kanonvoer is nie, dis niks anders as atoom-as nie, die Kerk is 'n wedergebore Skepsel.

140 Hier het Hy gesit. In daardie soort skare, is dit hoe Hy lyk. En dis 'n manier wat 'n egte Gees-vervulde man of vrou lyk in die

oë van so ’n skare. Let op, sy het na Hom gekyk, sy het gedink: “Weet jy Wie is daardie?” “Iemand hier . . . Is Dit daardie Profeet van Galiléa?”

“O, dis Hy.”

141 O, haar hart het begin klop. Iets, wanneer jy Jesus vind, begin jou hart snaaks maak, dit gaan dadelik ’n nuwe Meester kry. Hart het begin klop: “O, dis die—die Een wat daaronder by die put was waar daardie vrou van Sigar was. Dis die Een wat die vrou gevind het wat so onsedelik soos ek was, en vir haar gesê dat sy te veel mans gehad het, en haar, haar sondes vergewe het. O, Hy sou my nooit vergewe nie, ek’s te ellendig. Maar dis nie reg dat Hy daar sit soos daardie nie, Hy is die God van Ewigheid, Hy is die enigste Verlosser, dis nie reg vir Hom om so behandel te word nie.” En sy het ’n idee gekry. Ek hoop julle kry een.

142 In die straat af gaan sy, net so hard as wat sy kan, af na die klein stegie, in die stegie op na die krakende trappies. *Kraak*, *kraak*, gaan sy op, trek die klein krakende deurtjie oop, nadat sy die slot afgehaal het, ingegaan het, op die vloer geval het, dink sy: “Ek’s op my knieë.” Sy steek haar hand onder die bed in, haal ’n klein boksie uit, en sluit dit oop, en ’n klein stukkie van haar kous, miskien, sy haal dit uit, sy skud dit, daar’s haar hele lewe. Dis al wat sy het, maar sy is gereed om dit te gee.

143 Ek wonder of ons so opreg is. Moenie jou vinger na haar wys as jy nie is nie. Alles wat sy gehad het, sy was gewillig om dit te gee. En sy trek dit op na haar boesem, en sy, haar hart is vol vreugde. Meteens, word iets vir haar aangebied: “Jy weet, Hy is ’n Profeet, ek glo Hy is ’n Profeet. Ek gee nie om wat rabbi sê, wat die kardinaal, of biskop sê nie, ek glo dat Hy die Een is waarvan Moses gepraat het. Ek glo dat Hy die Profeet is wat ons in hierdie dae sou besoek. En omdat Hy Dit is, sal Hy weet waar ek hierdie geld gekry het, Hy sal die—die wyse ken wat ek gebruik het om hierdie geld te kry, maar dis al wat ek het.”

144 Hy ken jou beslis. Hy kan jou net op hierdie preekstoel net nou alles van jou vertel. Ja, meneer. Glo julle dit? Ek kan dit vir julle bewys. Amen. (Verskoon my.) Hy weet waaruit jy gemaak is. Hy weet hierdie woorde skroei jou partymaal. Hy weet alles van jou af.

145 Maar dis al wat sy gehad het. Dis al wat Hy van jou verwag, gee net jou alles vir Hom, jou hele hart, wil, en gewildheid, sosiale posisie, gooi dit net alles op Hom, maak nie saak wat jy gedoen het nie. Maar sy het gesê: “Hierdie is my enigste geleentheid, en ek gaan dit aangryp.” Miskien mag dit jou laaste geleentheid wees, jy beter dit neem terwyl jy in hierdie konvensie is, julle moenie huis toe gaan daarsonder nie, want ek glo julle gaan Hom op dieselfde manier sien beweeg, Hy is alreeds, julle gaan Hom groter as hierdie sien, julle gaan Sy Woord sien manifesteer word.

146 Let op, en sy sê: "Dis al wat ek het, so dis al wat ek kan gee." Dis al wat Hy verwag. "Broer Branham, ek's—ek's . . . " Ek gee nie om wat jy is, hoe 'n groot skynheilige jy was nie, hoe 'n goeie kerklidmaat, hoe eiegeregtig jy mag staan vanmôre voor die mense nie, gee net wat jy het, dis al wat Hy verwag, Hy sal dit neem.

147 Sy gaan in die straat af, sy het gesê: "Wel, maklik, ek sal gaan, want daar's Iets in my wat vir my sê om dit te doen." Dis wanneer dit eg is, nie wanneer jy dit aansit nie, maar iets egs. Hier gaan sy in die straat af, en sy kyk rond, en sy het onthou Lavinsky het die beste parfuumwinkel in die stad.

148 So sy gaan by die deur in, die klokkie lui en een het opgestaan, gekyk om te sien wie dit was, "Wel, wat wil jy hê?" Soos party van hierdie manne voor hulle Christen sakemanne geword het, dis swak besigheid.

"Wat wil jy hê? *Ek hou nie daarvan dat 'n persoon soos daardie in my winkel is nie*."

"Ek wil die beste hê wat jy het." O, goeiste!

"Die beste wat ek het?"

"Ja. Dis vir 'n—dis vir 'n baie sekere Persoon. Dis vir 'n spesiale geleentheid."

149 Dis wat ons wil hê, die beste wat gekry kan word, die beste wat ons kan gee, nie net drie minute per dag in gebed nie, maar die beste wat jy kan gee. "O, ek wil die beste hê wat jy het!" Wel, hy het geweet 'n vrou soos daardie het regtig nie genoeg geld gehad om dit te koop nie. So sy neem haar bokant van haar kous en sê: "Hoeveel is die beste?"

"Twintig stukke, dis die beste wat ek het."

150 Sy gooi haar bokant van haar kous daar uit, en die geld klingel. O, natuurlik, dis anders. Hy wat gesê het daar's geen wins om Josef in die land te hou nie, hy's gereed om dit te maak jy weet. So hy staan daar op en tel dit uit: "O, ja, presies twintig stukke Romeinse denarii, dis wat dit gekos het. Wat gaan jy hiermee maak?"

"O, hierdie is vir 'n spesiale Persoon."

151 So hy kyk op die rak en gee vir haar die albasteboks. Sy sit dit in haar boesem. Sy glip weer terug, sy kyk daarbinne, sy sien vir Fariseër en hulle almal rondstaan in so 'n groot konglomerasie van—van vertoon. En sy sien Jésus wat steeds daar sit met vuil voete, niemand het enige aandag aan Hom gegee nie. "Hoe gaan ek inkom? Hulle sal my uitgooi wanneer ek by die hek ingaan." Maar julle weet, daar's Iets binne-in haar, wat vir haar sê om in te gaan, sy wou 'n diens vir Jesus bewys.

152 En as jy 'n diens vir Jesus wil bewys, is daar nie genoeg biskoppe en kardinale op aarde wat jou kan keer om in Sy

Teenwoordigheid in te kom nie. Dis reg. Daar is nie genoeg denominasies en skynheiliges in die land om dit te doen, of genoeg duiwels in die hel om jou daarvan te weerhou, as jy ’n diens vir Jésus wil bewys nie.

153 Hier kom sy, sy glip om, sy sien die wag by die hek het sy rug gedraai, sy sluip onder die hek deur, hier vind sy haar pad baie vinnig. Dis reg. Wanneer jy eers inkom, gaan reguit na Hom toe, moenie rondspeel nie. Moenie gaan praat, kyk wat *hierdie* een sê, en wat *hierdie* organisasie sê, en *daardie* sê nie, gaan net reguit na Jesus toe. Kom by Jésus uit! Moenie enige aandag skenk aan wat hierdie ander sê nie, kom baie vinnig by Hom uit.

154 So sy glip baie vinnig nader, sy gaan staan, het die Bybel gesê, agter Hom, het sy begin dink: “O, o, ek’s in die Teenwoordigheid van God!” ’n Vreemde gevoel kom altyd oor jou wanneer jy in daardie gesindheid kom. Maar as jy kom in die gesindheid wat Fariseër gehad het, sal jy dieselfde gevoel hê wat hy gehad het: niks daaraan nie. Maar kom net in daardie gesindheid dat jy Jésus wil sien, kyk watter soort gevoel oor jou kom. Laat daardie ou hart in jou smelt teenoor Hom vanmôre. Luister na Sy sagte klein Stemmetjie, daar sal ’n ander gesindheid wees.

155 Sy glip nader, Hy het daar gesit, sy het gedink: “O, o, ek’s so senuweeagtig, ek weet nie wat om te doen nie. As ek daar kom, mag Hy my miskien hier uitjaag. O, wat . . .? Wel, ek’s niks- . . . Ek’s in elk geval niks.” Nou, wanneer jy dit begin dink, is jy in elk geval niks! As jy bang is jy gaan jou aansien ruïneer, dan beter jy maar sommer wegbly in die eerste plek. “Ek’s niks om mee te begin nie.”

156 So sy het omgehardloop voor Hom en sy het gekyk, toe was sy naby. Dis waar jy wil kom, net ’n bietjie nader om na Hom te kyk. Miskien kyk jy van te ver af na Hom, kyk jy na Hom ver daar oorkant, tweeduisend jaar gelede, wat van Hom vanmôre? Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid; dieselfde krag, dieselfde tekens: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen.”

157 Broer Demos het dit ’n rukkie gelede aangehaal in King James: “Groter as dit sal julle doen,” maar die regte vertaling, en enigiemand weet, is “*Meer* as dit sal julle doen.” Nie *groter* nie, niemand kon enigiets groter doen nie, maar meer van dieselfde groot werke. Hy het die dooies opgewek en die natuur gestop, niks anders kon enigsins groter gedoen word nie, maar meer. Hoekom? Hy is in Sy Kerk universeel, die groot, heilige, apostoliese, Pinkster, katolieke Kerk, om die wêreld, Jésus in elke lidmaat.

158 Hy was net in een Mens, God was toe, nou is God in Sy hele Kerk. Op hierdie einste uur word mense genees, op hierdie einste oomblik ontvang mense die Heilige Gees. As Hy net alleen hier gestaan het in ’n mensvorm soos Hy toe was, kon Hy net met

hierdie gehoor praat, maar nou praat Hy die wêreld oor in die Heilige Gees.

159 So daar was sy in Sy Teenwoordigheid, sy het ombeweeg. Ek kan daardie ogies sien opkyk na haar, en haar hart het amper gaan staan: "Daar's die Man wat daardie vrou vergewe het en haar hart geken het. Hy het daardie vrou van Samaria, Sigar, geken. Hy—Hy het geweet sy het vyf mans gehad, en Hy weet hoe skuldig ek is." Hy weet, Hy weet hoe skuldig jy is. Hy weet net hoe laag elkeen van ons is, Hy ken ons.

160 En sy het Hom in die gesig gekyk, en sy het dit herken. Nou, sy het nooit oorkant na Fariseër gekyk, of na die kaart gekyk, en gesien hoeveel lidmate aan die kerk behoort het, of sy daarby sou aansluit of nie, sy het na Jésus gekyk. Sy het skuldig gevoel, en sy kon nie langer haar trane keer nie, en sy het afgekyk na Sy voete, en die trane het begin afdrup op Sy voete. Sy was so skaam, sy het op haar knieë geval, sy. . . Hy het haar gesien, en sy kon nie langer haar trane keer nie.

161 Daar's *iets daaraan* wanneer jy naby Jesus kom, jy begin huil, nie met 'n kol-. . . Ek het geen tyd vir hierdie koue, stywe belydenisse en om jou naam op die boek te sit en om by die kerk te aan te sluit nie, jy moet sterf vir jouself, nuutgebore word.

162 En die trane het begin afdrup op Jesus se voete, en sy het niks gehad om hulle mee af te vee nie, so haar kop laat sak, gehuil, haar—haar—haar mooi krulle wat sy alles bo-op haar kop gekam het, julle weet, soos *hierdie*, het afgeval, sy het Sy voete begin was met haar hande en—en afvee met haar—haar hare. Party van ons Pinkstersusters, wat al hulle mooi hare afknip, moet op hulle kop staan om genoeg hare te kry om Sy voete te was. . . om hulle af te vee. Reg.

163 Maar Hy. . . sy, selfs in haar toestand. . . Moet haar nie veroordeel nie! Sy het haar hare geneem, Sy voete begin afvee, en sy sou opkyk. O, as Hy 'n voet sou beweeg het, as sy. . . as Hy 'n oog geknip het, sou sy *phfff* daar uitgegaan het. Maar Jésus, wanneer jy iets vir Hom probeer doen, laat Hy jou dit net doen; ek hou daarvan. Hy het net stilgesit en na haar gekyk.

164 En sy het, probeer sê: "Ek—ek—ek. . . " en Sy voete afgevee: "Ek. . . " Watter pragtige water om Sy voete te was! Trane van bekering, beter as wat Hy kon gekry het van ou Fariseër, ou selfgemaakte, denominasionele waters, Hy het waters van bekering gehad, haar yslike groot, souttrane wat op Sy voete geval het. Sy, met haar mooi hare wat net was en voete afvee, wat sê: "Ek—ek. . . O, ek kan dit nie sê nie." Sy het: "Ek—ek. . . " Sy voete afgevee. Toe het dit—dit—dit so werklik geword, sy het gegaan: "*soen*, *soen*, O, ek kan dit nie sê nie."

165 Goeiste! Jésus het haar net dopgehou. Naderhand het sy die albasteboksie uitgehaal. Sy was skaam om op te staan om dit op

Sy kop te sit, sy—sy het gedink: “As ek net aan Sy voete kan sit, sal dit goed genoeg wees.”

166 Party van julle wil die grootkop wees, Sy voete is goed genoeg vir my. Sy Woord is voldoende. Solank ek weet dat ek in Hom is, en Sy Woord in my, is dit goed genoeg. Wanneer ek Daar oorkant kom, as ek net my hande op Sy voete kan sit, is dit—dis genoeg, dit sal in orde wees, dis al wat ek vra; ek dink dis hoe ons almal voel. Sy voete gewas, trane van water van bekering, dis waarmee Hy Sy—Sy grond afgewas wil hê, boetedoening, nie boetedoening nie, bekering.

167 Sy voete gewas, hulle afgevee met haar hare, dadelik het sy senuweeagtig gevoel, en sy het die albasteboksie gekry, en sy het dit gekry, sy was so senuweeagtig, en sy het die punt daarvan gebreek, het dit alles op Sy voete gegooi, en sy was baie senuweeagtig, en—en toe het sy haar hand uitgesteek, en Sy voete begin afvee en: “*soen*, *soen*, *soen*, *soen*, *soen*, ek—ek—ek wil . . . ” En sy het opgekyk.

168 Sy het opgelet Sy oë was toe van haar af. Wat gaan die heeltyd aan in die kamer? Daar word nie ’n beweging gemaak nie. Wat is die probleem? Alles het gestop. O, ek kan daardie eiegeregtige Fariseër sien, die wreedste skelm in die land. O, hy’s rooi in die gesig, hy’s so verneder, iemand het gesê: “Amen.”

169 Wel, iemand sê: “Amen,” in sy kerk: “Ahem!” Jy—jy steur hom. Bietjie krag van God, hy toevallig ’n woord sê, hy iewers ’n fout maak, en gesê het: “Jesus Christus het gekom om sondaars te red.” En iemand sê: “Glorie aan God!”

“O! Ahem! Plekaanwysers, gooi hulle uit.” Ja: “Hulle steur my.” Hulle steur my wanneer hulle dit nie sê nie.

170 So daar, hy was so verneder, o, reg tot, o, hy was net ’n . . . O, genade, ek moet ophou, sien. Hy was so verneder. Hy het na Hom gekyk, en hy het by homself gesê, geknik vir daardie kardinale: “Sien julle? Ek het julle gesê. As daardie man ’n profeet was, sou hy geweet het watter soort vrou dit is.” Hy het, beslis.

171 Sy was in ’n miljoen keer beter posisie as, hoewel hy ’n kerklidmaat was, sy ’n prostituut was. Skaam julle ellendige, arme kerklidmate wat niks meer van God af weet as dit nie! Verneder, gesê: “Ek het julle gesê, julle gesê. Sien? As hy ’n profeet was, as hy ’n profeet was, sou hy dit geweet het. Hy is geen profeet nie.”

172 Maar Jesus kon sy gedagtes onderskei, so Hy het Homself regopgetrek. Die vroutjie het gestaan, haar hare wat teen haar afhang, oor haar skouers, af om haar middellyf, die traanstrepe onder, en—en vetterigheid oraloor haar mond van Sy voete soen, yslike, groot, mooi bruin oë. Wonder wat Hy gaan sê. Kyk af na haar.

173 Hy het gesê: “Simon, Ek het iets om vir jou te sê.” O! Eiegeregtige, arme, ellendige skynheilige, wat bely om ’n dienskneg van Christus te wees! “Ek het iets om vir jou te sê. Jy het My uitgenooi om hiernatoe te kom, en Ek het gekom, Ek het My besige skedule onderbreek.” Hy doen dit altyd. Dis reg. Hy het hiernatoe gekom, Hy is nou hier, sekerlik. “Ek het My besige skedule onderbreek omdat jy My genooi het om te kom. En toe Ek by die deur gekom het, het jy nie My voete gewas nie, jy het nie My hoof gesalf nie, en jy het My nooit met ’n kus verwelkom nie, maar hierdie vrou, vandat sy hier is, het sy niks anders gedoen as om My voete met trane te was en hulle af te vee met haar hare nie, sy het My gesalf.”

174 Nou, wat gaan Hy doen? Daar staan sy daar, haar groot oë wat opkyk na Hom. Wat is die uitspraak? O God, laat dit my uitspraak wees. Laat dit wees wat ek hoor wanneer ek probeer om Hom ’n diens te bewys, al moet ek dinge vir my mense sê wat my binne aan stukke skeur, maar ek moet Hom ’n diens bewys. Daar staan geskrywe in die Woord, ek moet dit doen. Ons moet dit doen, broers, ongeag wat die prys is, ons moet dit doen. Dis ’n diens wat God vereis: “Preek die Woord.” Reg.

175 Kyk na haar, sy was betower. “Wat gaan Hy doen, my veroordeel?”

176 Toe het Hy gekyk en Hy het gesê: “En Ek sê vir haar, haar sondes, wat baie was, is alles vir haar vergewe. Haar sondes, wat baie was, is alles vir haar vergewe.” [Leë kol op band—Red.] Dis die uitspraak wat ek wil hoor. Ek wil deur my lewe probeer om God se werk te doen, julle wil dieselfde probeer, en die uitspraak aan die einde sal dieselfde ding wees: “Jou sondes, wat baie is, is alles vir jou vergewe.”

Kom ons buig ons hoofde net ’n oomblik.

177 Ons het Hom uitgenooi, en Hy het gekom. Regdeur die kerke hierdie week saam met my broers, het ons gebid: “Jesus, wees hier.” Ek het nou die dag bo-op die Suiderberg gestaan, vir my vrou gesê: “Kyk af deur daardie vallei. Hoeveel keer in die laaste uur is God se Naam ydelik gebruik? Hoeveel owerspel is gepleeg van gisteraand af, in daardie vallei?”

En sy het vir my gesê: “Billy, wat-. . .waarom het jy dan hiernatoe gekom?”

178 Ek het gesê: “Skat, maar onder, verspreid deur daardie groot Maricopa Vallei, wat eens niks anders as kaktus en akkedisse was nie, was daar baie gebede wat opgegaan het in die laaste vier-en-twintig uur, ware wedergebore heiliges van God, hulle bid dat die sondaar sy pad sal vind na hierdie konvensie toe.”

179 En Hy het gekom, Hy is hier, ek weet Hy is. Laat ons Hom verwelkom met ons paar trane uit ons koue, harde harte, laat ons Sy voete was vanmôre. Kom ons sê vir Hom ons het Hom lief,

gaan Hom van nou af dien, daardie groot Ewige uitspraak hoor: "Jou sondes, wat baie is, is almal vir jou vergewe."

180 Ek gaan julle 'n ernstige vraag vra, ek wil dit uit julle hart hê. As daar mans en vroue hier is, wat daar is, wat nie reg met God gelewe het nie, en jy wil graag die uitspraak hoor wat daardie vrou daardie dag gehoor het: "Jou sondes, wat baie was, is alles vir jou vergewe," sal jy jou hand opsteek? Nou, moet niemand kyk nie, laat ek en die Here kyk. Steek jou hand op. God seën jou. God seën jou, seën jou, seën jou, oral rond.

181 Nou, kerklidmate, julle hier wat weet dat julle nooit wedergebore is nie, en tog is Jésus hier, jy weet jy sal skaam wees as Hy jou dalk Sy lof laat uitroep, of jou probeer sê om vir iemand te getuig, steek jy jou hand op, sê: "Jésus, ek's jammer, ek wil graag 'n ware wedergebore Christen wees van vandag af." Steek jou hand op. Seën jou, God seën jou.

182 Nou, party van julle Pinkstervroue met kort, afgeknipte hare, skaam julle, nou, julle weet julle is verkeerd. As julle dit nie geweet het tot nou toe nie, weet julle dit nou. Is julle skaam daarvoor? As jy is, steek jou hand op. Moet niemand kyk nie. God seën jou, dit kos 'n ware dame om dit te doen. God seën jou. Dis reg. God seën jou. Dis reg. Sekerlik is julle, julle is sekerlik skaam.

183 Wil jy vir my sê dat jy kortgeknipte hare het en nie skaam is daarvoor nie? Mense probeer behaag, in plaas van vir God? Besef julle dit nie dat solank julle nie . . .? Julle sal nooit, van hierdie dag af aan, ooit in staat wees om enigsins verder te gaan met God nie, hierdie is die ding wat by julle verbygaan, net hier.

184 Sê julle het die Heilige Gees, dans in die Gees, praat in tale? Julle het te veel daarop staatgemaak, in plaas van daardie sagte klein Stemmetjie. Julle kan verstandelike emosies hê, maar jou lewe bewys wat jy is. Kan jy druiwe aan 'n pampoenrank kry? komkommers aan 'n waatlemoenrank? Jy weet jy's verkeerd. Steek jou hand op, wees genoeg van 'n *dame* om dit te doen. Baie van julle het nie jou hand opgesteek nie, baie van julle . . . God seën julle, daar's nou 'n skare van hulle.

185 Julle manne wat toegelaat het, party van julle predikers, skaam julle! Julle Volle Evangelie predikers wat julle vrou so-iets soos daardie laat doen het, skaam julle! God wees jou siel genadig, Broer, met nie die einste ordentlikheid genoeg om die Evangelie te verkondig nie. Is jy bang vir haar?

186 Wat van sommige van julle wat sigarette rook, steeds aanspraak maak om Pinkster te wees, steeds 'n sosiale drankie saam met die baas drink? Party van julle sakemanne het steeds nie julle dinge van die wêreld prysgegee nie, om, julle wil, julle moet 'n gesellige drankie drink op Kersfees, skaam julle! Skaam julle! Weet julle nie Jésus gaan julle veroordeel op daardie dag nie? Julle weet julle is verkeerd.

187 Party van julle het selfs die Woord omseil in hierdie laaste dae. Kerke word formeel, iets is verkeerd. Julle gemeente wil nie staan vir. . .Ek weet party van julle predikers is onskuldig, julle gaan hier uit, preek die Woord net so hard as wat julle kan, daardie gemeente. . .Sê dit net, Broer, God sal hulle verantwoordelik hou.

188 Party van julle het Hom nie liefgehad soos julle behoort nie, party van julle is ware eerbare Christene, en jy het Hom nie liefgehad soos jy behoort nie, en jy weet jy's skuldig. Jy bid nie genoeg nie. Ek gaan nou my hand opsteek, ek bid nie genoeg nie, ek is skaam vir myself, ek is skaam vir my lewe. Ek het Hom gevra om na hierdie diens toe te kom, en ek's. . .Ek—ek's skaam vir my lewe voor Hom. Ek's saam met julle, ek's skaam vir my lewe voor Jésus.

189 Seën Sy hart, Hy het vanmôre uit die Hemel gekom om ons te besoek, na ons toe gekom om met ons te spreek, om met ons te praat, Hy praat nou met ons, daardie klein, sagte Stemmetjie onderin ons hart. Daar mag dalk nie geweldige, rukwinde wees nie, ons het soveel daarvan gehad.

190 Laat ons ons gesig versluier vanmôre in skande. Ek's skaam om Pinkster te wees met die lewe wat ek lei, ek's skaam ek het geen krag meer in Sy Teenwoordigheid nie, ek's skaam dat ek nie meer van 'n voorbeeld van 'n Christen voor my mense is nie. Jésus, wees my genadig. God, ek is nie sonder foute nie, ek het ook teregwysing nodig, en U Heilige Gees praat met my.

191 Ons wil met U praat, Here, ons wil hê U moet ons vergewe, ons wil ware Pinksters wees, Here, ons wil waarlik gevul wees met die Gees. Ons is nie skaam vir trane nie, ons is op geen manier skaam vir U nie, en vanmôre besoek U ons, en ons wil U voete was. Ons wil U ons lewens gee, ons—ons wil ware Christene wees. Ons wil die vrugte van die Gees in ons lewens hê, sag, sagmoedig, mekaar liefhê, mekaar vergewe. God het, om Christus ontwil, vir ons vergewe. Ons wil soos Hy wees, Hy was ons Voorbeeld.

192 Almal wat daardie begeerte in hulle hart het, dat jy net graag jou hoof wil buig vanmôre in Sy Teenwoordigheid, in die wete dat ons ook skuldig is, dat jy net graag Sy voete ook wil was, sal jy nou stil op jou voete staan? Seën julle.

193 My vrou het altyd 'n lied gesing: "Liewe Jesus, ek het U lief, ek het U lief Vader. As ek U ooit liefgehad het, Liewe Jesus, is dit nou."

Laat ons nou ons hoofde buig, almal.

194 Ons Hemelse Vader, ['n Vrou begin uitroep—Red.] ons—ons was so—so onverskillig teenoor U, ons het U mishandel, ons het die saak mishandel, ons was onverskillig. Ek bid vir daardie arme vrou nou, dat, die duiwel wat haar probeer wegneem. Gaan agter haar aan, Heilige Gees. Moenie haar nie los nie, gaan agter haar aan, Jesus. Daardie duiwel wat uitroep, mag hy uitkom, in die

Naam van die Here Jesus. Mag daardie arme, verlore siel gered word.

195 Ons is jammer, Here. Beweeg op ons met U Heilige Gees, vul ons met die goedheid van God. Stort U seëninge uit, Here. Ons—ons was ons harte met die Water van die Woord. Kom in ons lewens in, Here, gaan sit by ons tafel, gaan sit en eet saam met ons vandag, Here. Ons sal U net nou aanneem as ons Verlosser, ons sal U aanneem as ons Gids en ons Koning. En laat die Heilige Gees net ons siele baai in Sy Teenwoordigheid, en vir ons liefde, en genade, en begrip gee.

196 Mag elke prediker 'n nuwe houvas kry. Mag die Sakemanne, mag hierdie organisasie, mag elke kerklidmaat, elke persoon hierbinne, voel dat Jesus nou net Sy plek in hulle harte inneem. Skenk dit, Here. Ons het U lief en gee U ons lewens, verwelkom U by die konvensie. Ons gaan die mense hierbuite vanmiddag doop, ons gaan altaar-oproepe maak, ons gaan U loof in liedere, ons gaan U loof in die Woord, ons gaan U loof met alles wat ons het, om die mense te laat weet dat ons nie skaam is vir die Evangelie van Jesus Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding.

197 Ons behoort van hier af weg te gaan en ander lewens te lei as gevolg van U besoek aan ons. Ons sal probeer om nie soos Fariseër te wees nie, ons weet dat U 'n. . . die Koning van die profete, U is die God-Profeet wat nou binne-in ons harte spreek. En ons bid dat U ons harte sal onderskei, en ons oorsake aan ons sal openbaar wat die groot beweging van God in hierdie laaste dag verhinder, dat daar, van hier af, gesalfde predikers mag gaan, gesalfde mans en vroue met *so* 'n inspirasie op hulle van die liefdevolle Here Jesus, dat daar 'n herlewing sal uitbreek die heelpad oor die kontinent. Skenk dit, Here.

198 Ons weet U kom op ons uitnodiging, en ons gaan U so welkom maak as wat ons weet hoe, in elkeen van ons lewens. Ons staan met hierdie seën in ons hart, Here, en sê dat ons U liefhet, Here Jesus, ons seën U, U is bokant elke—elke organisasie, U is bokant die dinge van die wêreld, U is bo ons kleredrag, U is bo ons alles, U is God, U is bo ons emosies, U is God, en ons het U lief met ons hele harte.

199 Ontvang ons, O Here, soos ons ons hande opsteek na U om U te prys. Die groot Koning van die Heerlikheid sit in ons midde vanmôre. Ons loof U en vertrou onsself toe aan U. Deur die Naam van die Here Jesus, seën ons hierdie mense.

200 Het julle Hom lief? Wy julle julle lewens opnuut toe aan Hom, Mans en Vroue? Steek julle hande op en sê: "Jesus, ek het ook gebid, dat U na hierdie konvensie toe sou kom, nou wy ek myself toe aan U, laat my, van hierdie uur af, geheel en al Uwe wees. Mag my wandel, gesprekke, en assosiasie bewys, dat ek verseël is deur die Heilige Gees, die manier wat ek lewe, praat, en wandel."

201 Gee ons 'n akkoord op die klavier, *Ek Het Hom Lief*. Bedoel jy dit regtig? Sê: "Amen," as julle het. Hou julle regtig van hierdie betuiging aan Jesus soos ons dit saam sing? Almal saam, op die outydse manier nou, "Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het." Almal saam nou, kom ons gaan:

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat . . . my
En my verlossing gekoop het
Op . . . (Daar's soveel dat ek hulle nie eens kan aanraak nie.) . . . Gólgota's . . . (Die vrou . . . ? . . . )

202 Net 'n oomblik, as ontspanning, hou net die voorspel. Satan het die vroutjie onderbreek, haar uit die gebou gejaag, die Heilige Gees het haar daarbuite gevang en haar teruggebring. Sy is nou in die diens, ontspanne. "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf." Krag is in minsaamheid en nederigheid, dis wat dinge groot maak, omdat dit nederig en minsaam is.

203 Het julle Hom nie lief nie? Nou, weer almal saam met ons oë toe en ons hande opgesteek na die Hemel, julle hele hart:

Ek het Hom lief, ek . . . ( . . . ? . . . )

62-0127 Wreedste Man Wat Ek Ken
Ramada Inn
Phoenix, Arizona V.S.A.

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org